GKSA NUUSBROKKIES

Sondag 3 Mei 2020

LIEF EN LEED

Beterskapwense

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir ‘n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op ‘n spoedige herstel toe.

Hartlike gelukwense aan die volgende predikante/professore en eggenotes met hul verjaarsdae

1 Mei	Mev I Dednam (Innecke), eggenote van ds AJ Dednam (Anton) – GK Bergsig
2 Mei	Ds BCG Fourie (Ben) – GK Kameeldrift
2 Mei	Ds MJ Lourens (Thys) – GK Nelspruit/Barberton
3 Mei	Mev Z Sithole (Zonke), eggenote van ds JP Sithole (Paul) – GK Kwa Mashu/Kwa Mncane
4 Mei	Mev M Pretorius (Marelize), eggenote van ds RJ Pretorius (Rynhardt) – GK Benoni
5 Mei	Ds L du P van der Vyver (Wicus) – GK Silverton
5 Mei	Dr JV Fatuse (James) – GK iBahyi
5 Mei	Ds N Boy (Neville) – GK Thabazimbi
5 Mei	Mev KE Makungo (Konanani), eggenote van dr NR Makungo (Robert) – GK Trans Letaba
6 Mei	Mev EJ Steyn (Cobie), eggenote van ds AH Steyn (Abel) – GK Lydenburg
6 Mei	Mev MM Kurpershoek (Marietjie), eggenote van ds PW Kurpershoek (Pieter) – GK Middelburg
6 Mei	Mev G de Beer (Geertjie), eggenote van ds C de Beer (Chris) – GK Pretoria-Brooklyn
7 Mei	Mev H Pienaar (Hanlie), eggenote van ds N Pienaar (Nikolaas) – GK Oos Londen
8 Mei	Prof MM Verhoef (Marlene), eggenote van ds GC Verhoef (Awie) – GK Wierdapark
9 Mei	Mev S Naudé (Sanet), eggenote van ds E Naudé (Emile) – GK Boksburg

Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaarsdae

1 Mei	Dr GJ van Wyk (Gerrie) – GK Rustenburg
2 Mei	Prof HJG du Plooy (Heilna), eggenote van prof A le R du Plooy (Dries) – TSP
2 Mei	Ds JF Mouton (Koos) – GK Potchefstroom-Oos
3 Mei	Ds H Dijkstra (Hessel) – GK Groblersdal
4 Mei	Dr F van der Walt (Frans) – GK Bellville-Oos
4 Mei	Mev L Tiemensma (Leoné), eggenote van ds EJ Tiemensma (Eddie) – GK Kemptonpark
6 Mei	Mev M Companie (Marlene), eggenote van ds B Companie (Ben) – GK Westdene
7 Mei	Mev JS Viljoen (Hannetjie), weduwee van ds JH Viljoen (Hannes) – GK Pretoria-Noord
7 Mei	Mev MZ Dlamini (Maureen), weduwee van ds MJ Dlamini – GK eKwandeni

Hartlike gelukwense aan die volgende personeel by die Administratiewe Buro met hul verjaarsdae

1 Mei	Dr Wymie du Plessis
5 Mei	Mev Loïs Sauer

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Veranderinge in kontakbesonderhede

GK Waterkloofrand
Emerituspredikant: Dr Douw Breed se e-posadres het verander na: douwbreed@gmail.com

Daar is interaktiewe blokkiesraaisels oor Bybelboeke, asook gewone Bybelblokkiesraaisels wat afgelaai kan word by http://www.ssplus.co.za/ruite.htm (ons gaan gereeld bywerkings doen)

Om die kinders besig te hou, het ons ook besluit om die laaste 5 weergawes van die Slingervel gratis beskikbaar te stel: http://www.ssplus.co.za/slingervel.html.

Die jare het verby gegaan, en ‘n deel geskiedenis is besig om in die vergetelheid te raak. Baie betrokkenes is reeds dood, maar die geskiedenis moet opgeskryf word.

Ek praat van die **Kapelaansdiens gedurende die Grensoorlog**. Kan die dominees wat diens gedoen het asseblief hulle herinneringe opteken vir die argief. Moontlik is daar artefakte wat u aan die museum kan skenk. Laat ons hierdie geskiedenisrol wat die Gereformeerde Kerk in die tyd vervul het nie verlore laat gaan nie. Laat die wat daar was hierdie leemte vul.

Ook die predikante wat in Suidwes in gemeentes was asook die wat op die ander grense van Suid-Afrika was.

Stuur alle inligting aan Carmie Huisman by die Kerkargief: 21149895@nwu.ac.za

Die volgende onderhoud van die redakteur van *Die Kerkblad* op Pta FM word weer op 3 MEI 2020 om 07:45 uitgesaai. Luisteraars kan inskakel op 104.2/106.6 MHz of TV oudiokanaal 887.

Die **bestuur van die GTV** het die nuwe reglement vir die te stigte GTW goedgekeur nadat kommentaar van sommige van u ontvang en oorweeg is. Hiermee rig ek namens die bestuur van die GTW aan u ‘n uitnodiging om lid te word van die GTW aangesien die nuwe reglement bepaal dat ons ‘n vaste ledelys moet hê.

Indien u ‘n lid wil word, stuur ‘n e-pos aan Bertha Oberholzer by 20978839@nwu.ac.za met 1) u naam, 2) u e-pos adres 3) gemeente of instansie, en 4) u besondere belangstelling in een van die teologiese dissiplines (bv. Pastoraal, Nuwe Testament ens.). Ons sal graag van u wil hoor en wanneer ons die ledelys saamgestel het, sal ons weer met u in verbinding tree.

Ons eie TV-platform: http://www.glomedia.tv/

Die GKSA en die NHK het saam ons eie TV-platform geskep om goeie Christelike programme op professionele TV standaard te vervaardig. Hoewel die vervaardiging eers vanjaar begin het, is baie ure en baie soorte programme vir jonk en oud reeds beskikbaar. Programme word weekliks bygevoeg.

Ondersteun die inisiatief deur na www.glomedia.tv te gaan en aan te sluit.
Jy kan ook armer gesinne borg of voorstelle maak deur 'n epos te stuur na navrae@glomedia.tv

Plaas asseblief in kerknuusbriewe, wys by afkondigings, & stuur elektronies na gemeentelede

PROPONENTE BEROEPBAAR GESTEL

Proponent GJ Venter (Jonker)
Sel: 082 566 3216
E-pos: venterjonker@gmail.com

Jonker en Erika met Alexander en Clarinda

Beroepbaarstelling ingevolge KO, art 11

Ds MJ Nkili (Jafta)
Sel: 086 636 8212 / 076 489 8601
E-pos: nkilijafta@gmail.com

Beroepbaarstelling is geldig tot 31 Augustus 2020



Dr VE d'Assonville (Victor)
Tel: 0049 513 0376 7950
Sel: 0049 175 506 3279
E-pos: vicdas@rtsonline.de

Beroepbaarstelling is geldig tot 31 Augustus 2020

<u>Die tweede reeks van Openbarings</u> word vanaf Maandagaand op VIA, DSTV, kanaal 147 om 21:00 uitgesaai.

Die eerste reeks het oor die kultes wat aktief in Suid-Afrika is gehandel.

Die tweede reeks handel oor Christelike bedienings wat sê dat hulle spesiale openbarings van God ontvang, genesings doen en van hulle selfs mense uit die dood opwek.

Die volgende datums word deurgegee:

Episode 3	**4 Mei 2020**	**Pastoor Franeli Kirsten**
Episode 4	11 Mei 2020	Spirit Word Ministries (Stilfontein)
Episode 5	18 Mei 2020	Pastoor Johan van Eck

OPROEP TOT VEROOTMOEDIGING EN GEBED, VOLGENS KO, ART 66

In antwoord op twee KO, art 66 versoeke, vanaf GK Oranjerivier en GK Oos-Moot, om die uitroep van ‘n Dag van Verootmoediging en gebed oordeel die *classis contracta* van Klassis Potchefstroom soos volg:

- Die nasionale- en internasionale krisis wat deur die Covid-19 pandemie veroorsaak is, veroorloof inderdaad die versoeke om ‘n Dag van Verootmoediging volgens KO, art 66.
- Die huidige grendeltyd bring die volgende praktiese uitdagings na vore:
  a. daar is tans ‘n verbod op die samekoms van mense.
  b. die elektroniese hantering van hierdie saak d.m.v. internethulpbronne kan vir meeste Kerkrade en gemeentes ‘n uitdaging wees.
  c. in die huidige inperking kan ‘n Dag van Verootmoediging moeilik tot sy reg kom.

In vertroue op ons Hemelse Vader in wie se hand ons leef en die ganse wêreld bestaan besluit die *classis contracta* van Klassis Potchefstroom besluit daarom soos volg:

1. Aangesien ons ons verlossing in niks en niemand anders soek as in Jesus Christus nie, word alle kerke en lidmate van die GKSA opgeroep tot ‘n tydperk van voortdurende verootmoediging en gebed.
2. Verder word ‘n Dag van Verootmoediging, volgens KO, art 66, uitgeroep op DV die eerste Sondag wat ons as kerke in gewone eredienste kan vergader.

Met die oproep:

- roep ons mekaar op tot ‘n geloofsverklaring dat ons, sou die wederkoms van ons Here Jesus nie eerder gebeur nie, ons weer na afloop van hierdie krisis as kerke sal kan saam kom in erediens aan ons Here.

- waak ons teen die verheffing van ‘n spesifieke dag of handeling deur ons kerke, asof die Here nie in sy genade uitkoms sal gee voor ons nie as kerke vergader in verootmoediging en gebed nie.

Namens Korresponderende Kerkraad – Klassis Potchefstroom

“O, AARDE!”: FLITS 29

COVID19: EINDE OF NUWE BEGIN?

Soos hy dikwels doen in “donker tye”, soek Dr Henk Strooiprater, mondstuk van die GKSA Deputate: Omgewing, sy vriend, Oom Steunie op, die steunuil wat dekades lank al in die boom agter in sy tuin bly. Hy voel sommer bedruk, want die Paasnaweek is vir hom kuiertyd op sy vriend se plaas – en nou sit hy hier, soos die res van die magtige mensdom: ingeperk, vasgeknel deur die werking van Covid19, ‘n onsigbare klein “dingetjie”! Oom Steunie glimlag skelmpies oor dr Henk se beswaardheid.

Oom Steunie: Dit lyk my u is bietjie oorpessimisties, Doktor, want voor die tyd het u ook vreeslik gekla: oor die mensdom se trots en arrogansie; minagting en eksploitering van die skepping deur hul verbruikersmentaliteit; besoedeling en vermorsing van water; beheptheid met genot, opwinding en sport; onnodige rondritsery met brandstofvretende voertuie; hul plastiekstrooiery; ooretery aan gemorskos en oordrinkery aan alkohol en nimmereindigende gejaag na rykdom en besittings.

Dr Henk: Natuurlik het ek daarteen te velde getrek – maar ook hard gewerk om al die sondes en wanbalanse reg te stel! En nou het hierdie virus nog bygekom – omdat die mens deur sy onverantwoordelike omgang met die skepping en sy skeppingsopdrag juis die omstandighede geskep het waarin dit kon uitbreek en versprei! Al my werk was nutteloos, want Covid19 sal nie weggaan nie; kan ‘n groot deel van die mensdom uitwis.

O S: Maar, doktor, dan het die virus mos bloot gedoen wat u nie kon regkry nie en lankal bepleit het! Dit het die magtige trotse mens tot stilstand geruk, sy magteloosheid en weerloosheid onweerlegbaar ontbloot, laat besef hy is nie baas van die skepping nie; is selfs van die natuur afhanklik om ‘n teenmiddel te vind: ‘n entstof. Skynbaar het besoedeling van alle soorte drasties afgeneem, eetplekke, drinkplekke, sportstadions is toe. Niemand ry onnodig rond nie en selfs mense wat steeds rykdom en lewensnoodsaaklike produkte genereer, doen dit op meer verantwoordelike en “omgewingsvriendelike” maniere.

Dr H: Mag so wees, maar die mens se denke en gedrag het nie verander nie.

O S: Die regte terminolgie sou wees: “Nog nie!”, want ek hoor kommentators sê dinge sal nooit weer kan wees soos voor-Covid19 nie. U sien: mense wil maar nie

inpas by die skeppings-werklikhede nie: hulle moet daartoe gedwing word – en hierdie virus doen juis di! As die mens so gekonfronteer word met ‘n keuse van om te leef binne die grense van die werklikheid van sy weerloosheid en sterflikheid of die werklikheid van die onvermydelike lyde en dood, kies selfs die mees arrogante mens eerder die lewe – al is dit ten koste van sy begeertes en waan.

Dr H: Maar wat moet ek dan as Christen doen? My getuienis en voorbeeld in die verlede het nie gehelp nie.

O S: Alweer jou klaerigheid, Doktor? Sonder om arrogant te wees kan u sê: “Dit waarteen julle altyd gewaarsku is, gebeur nou - al is dit op ‘n totaal onvoorsiene en verstommende manier!”. Wees nou die voorbeeld van iemand wat die les van die Skepper verstaan en nou leef in pas met die nuwe werklikheid – nie met opstand nie, maar met nuwe toewyding: “Ons God het ook aan die mens ‘n plek en rol in die skepping gegee!” Leef in pas met daardie plek.

Dr Henk stap huistoe: nog ietwat swaarmoedig, maar hoe verder hy stap, algaande meer verlig: die Skeppergod het ‘n antwoord gegee op die uitdagings en probleme waarmee hy self al so lank worstel – en dit op sy eie manier: totaal onverwags en verrassend! Maar in Jesaja 55 staan mos: “Die goddelose moet sy verkeerde pad laat staan en die slegte mens sy slegte planne. Hy moet hom tot die Here bekeer dan sal hy hom genadig wees….. My gedagtes is nie julle gedagtes nie en julle optrede nie soos myne nie, sê die Here: soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede hoër as julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes” (v 7-9).

Covid19 noodsaak ‘n nuwe begin – en dit op ‘n baie spesifieke manier !

DC Coetsee

Op die GKSA se boekrak



JH van Wyk, 2015, *Teologie van die koninkryk. Studies in dogmatiek en etiek*, Pretoria, 484 bladsye (verkrygbaar by die Admin Buro, Potchefstroom). Prys R250 plus posgeld.

Die boek bevat artikels wat die skrywer oor ‘n lang periode geskryf het en volgens die orde van die dogmatiek en die Nederlandse Geloofsbelydenis saamgestel het. Daar is artikels oor die Skrifleer, die Godsleer, die Christologie, die kerkleer, sakramente, apologetiek, etiek en die eskatologie (toekoms). Dit is byna ‘n soort verkorte dogmatiek. Daar is o.a. ‘n belangrike artikel oor die opkomende en aggressiewe ateïsme. Die boek is ideaal vir teologiese studente maar teoloë en belangstellende lidmate sal dit ook lesenswaardig vind.



JH van Wyk, 2018, *Augustinus. ‘n Studie oor die etiek van ‘n kerkvader uit Afrika,* Sun Press (African Sun Media), 233 bladsye. Prys ongeveer R200 plus posgeld.

In die boek fokus die skrywer op die etiese gesigspunte van hierdie groot kerkvader uit Afrika, maar hy doen dit teen die agtergrond van die lewe van die kerkvader en sy dogmatiese gesigspunte. Augustinus word beskou as een van die heel grootste teoloë wat ooit geleef het en lewer ‘n illustrasie dat Afrika ook ‘n groot bydrae tot die teologie in die kerk- en kultuurgeskiedenis gemaak het. Die boek het ook in Holland heelwat aandag getrek in resensies wat daar verskyn het. In Suid-Afrika het die boek in 2019 die Andrew Murray-prys ontvang. Een van die keurders van die boek het opgemerk: “Ek oordeel dat hierdie een [die boek] een van die heel beste teologiese boeke is wat nog in Afrikaans geskryf is.” ‘n Ander keurder het geskryf: “Hierdie werk staan uit as een van die groot teologiese bydraes in Afrikaans die afgelope drie dekades.” Die boek is in vloeiende Afrikaans geskryf en studente, teoloë en belangstellende lesers sal deur die inhoud verryk word.

AKADEMIESE KONFERENSIE – BYBELGENOOTSKAP 200 DONDERDAG 23 JULIE 2020

Ter viering van die 200-jarige bestaan van die Bybelgenootskap in Suid-Afrika, sowel as 'n vooruitskouing vir die bekendstelling van *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling* in November 2020, organiseer die Teologiese Skool Potchefstroom in samewerking met die Fakulteit Teologie van die NWU 'n akademiese konferensie.

Tema: Die impak van die Bybel in ons samelewing: verlede, hede en toekoms
Datum: 23 Julie 2020
Lokaal: Geboue van die Fakulteit Teologie en die Teologiese Skool Potchefstroom

Indien nodig in die lig van COVID-19, sal die konferensie aanlyn plaasvind

In aansluiting by die oorhoofse tema kom die volgende sub-temas aan die orde:

1. **Bybelvertaling in Suid-Afrika en/of Afrika**
2. **Bybelinterpretasie in die Suid-Afrikaanse konteks**
3. **Die impak van die Bybel in die samelewingstrukture (bv. kuns, wetenskap, letterkunde, politiek, onderrig, ens.) en geloofsgemeenskappe**

Programinligting:

1. Akademiese Konferensie – 23 Julie (R 100 – sluit verversings en Donderdag se middagete in)
2. Dinee – 23 Julie (R110 – bespreking en betaling is noodsaaklik teen 15 Julie)
3. Toeligtingsessie deur die eindredaksie van *die Bybel: Direkte Vertaling* – 24 Julie (R90 – sluit verversings en Vrydag se middagete in)
4. Fietsrit en toeligting: Vanaf die Totiushuis na Krugerskaal – 25 Julie (Gratis)

Registrasie vóór/op 15 Julie 2020 by elsabe.labuschagne@nwu.ac.za

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Ook tot in julle ouderdom
is Ek die Here,
tot in julle grysheid sal Ek julle dra.
Ek het julle gemaak
en Ek sal julle vashou,
julle dra en julle red.
Jesaja 46:4